

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 112 2 Junie 2017 saam met
Koersvas 112



In Die Skietlood 110 en 111 is daar gefokus op die inhoud van die apokriewe boeke van die Ou Testament. Die 12-15 dokumente is die volle versameling wat in die NGB gelys word. Die vraag is of daar ook boeke is wat by die Nuwe Testament genoem kan word as apokriewe. Daar is 'n redelike versameling boeke wat in die eerste paar eeue van die Christen-era gesirkuleer het wat hierop aanspraak maak. Dit is voorheen reeds genoem dat hierdie boeke tegnies nie as apokriewe verstaan kan word nie. Sommige van die Ou Testament apokriewe is in sekere van die vroeë kanons opgeneem en dit is 'n spesifieke versameling boeke.

Dieselfde geld nie die Nuwe Testament verwante dokumente en boeke nie (dit is net die 'Openbaring van Petrus' onder Nuwe Testament apokriewe boeke wat vir 'n wyle in die Muratori kanon opgeneem is). Hierdie boeke word na analogie van die Ou Testament apokriewe genoem, maar het 'n laer status as die apokriewe boeke. Die leser word herinner dat die apokriewe boeke Skrif-verwant is en waarde het tot die mate waartoe hulle die Ou Testament meer verstaanbaar maak – aldus die NGB.

Die Nuwe Testament verwante boeke is geen vaste versameling nie, bevat amper deur die bank kettery en kan nie gelees word om die Nuwe Testament beter te verstaan nie. Die enigste draad wat hulle aan mekaar bind is dat hulle nie kanonieke status het nie. Tog was die tipe van boek gewild deur die eeue, soos blyk uit die aantal variasies op temas wat

daar is, asook die wye geografiese verspreiding van die dokumente.

Die aantal dokumente wat tot hierdie groepering hoort, het aansienlik uitgebrei met onder andere die ontdekking van die gnostiese biblioteek te Nag Hammadi (gnostiek is 'n leer wat klem plaas op kennis - en in besonder geheime kennis – teenoor geloof).

Daar is 'n verskeidenheid genres wat gebruik is om in te pas by die Nuwe Testament kanonieke boeke se style. Daar is evangelies, handeling (gewild omdat 'n storie maklik vertel), briewe (min van hulle, want dit is 'n ingewikkelde literêre genre) en apokaliptiese geskrifte. Hierdie boeke het hoofsaaklik een van twee sake ten doel gehad. Hulle wou òf vermeende uitstaande inligting aanvul, òf hulle het ten doel gehad om 'n kettery 'skriftuurlik' te ondersteun. Sommiges wou verduidelik, ander bloot vermaak. Die meeste het hulself aangebied as die pennevrug van die Apostels. Dit is in die heterodokse¹ leer in dië boeke dat ons die hoofrede vir hulle uitlating uit die kanon gaan terugvind.

Alhoewel tegnies nie korrek nie, sal daar in wat volg gepraat word van die apokriewe met verwysing tot ook hierdie boeke wat verband hou met die Nuwe Testament, maar nie daarin opgeneem is nie. Dit is met ander woorde dokumente wat voorgegee het om verdere besonderhede oor Jesus en die dissipels weer te gee, maar nooit as kanoniek

¹ WAT: heterodoks' b.n.w. 1 (teologie) Van die oorgelewerde of erkende godsdienstige leerstellinge afwykende; onregsinnig; andersgelowend, anderslerend; kettery; teenoor ortodoks:

verstaan is nie. Vanuit 'n taalperspektief is dit ook bruikbaar om na hierdie dokumente te verwys as apokriewe in 'n ander sin, juis vanweë die hoë voorkoms van gnostiese geskrifte onder die dokumente. Die Griekse woord "ἀπόκρυφος" beteken "versteekte" of "geheime" - *Markus 4:22 ου γαρ εστιν τι κρυπτον ο εαν μη φανερωθη ουδε εγενετο αποκρυφον αλλ ινα εις φανερον ελθη: Want daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie, en daar is niks weggesteek nie of dit moet in die lig kom.* Dit is in hierdie konteks wat die woord die eerste gebruik is, as aanduiding van verborge inligting. Die Koptiese boeke van Jeu en die Apokrifon van Johannes het instruksies bevat wat gesprek oor die inhoud met oningelikes verbied het. (Klink dit bekend?) Daarteenoor het die kerk die klem geplaas op die openbare lees van die Bybel. Die woord **αποκρυφον** se betekenis het uitgebrei. Van die betekenis van 'geheimenis' het dit beweeg na boeke wat nie geskik is vir openbare lees nie, na die boeke wat as vals of kettters beskou moet word. Vandag verstaan ons die woord as aanduiding van 'vals' of 'ongeloofwaardig'. Daar sal lank gespekuleer kan word oor al die redes en motiverings vir die ontstaan van hierdie dokumente. Die geskiedenis wys dat verskillende antwoorde al aangebied is. So byvoorbeeld het Tertullianus gestel dat die waarheid eerste bestaan en deur die bestaan van die waarheid word die geleentheid tot vervalsing geskep. Vervalsing as verskyning teer (parasiteer) op die waarheid. So is dit vanselfsprekend dat die waarheid (kanon) gevolg sal word deur die vervalsings (apokriewe).

Dit is gerade om die versameling apokriewe verder te onderverdeel. Daar is evangelies, briewe, handeling en apokaliptiese geskrifte.

Onder die **evangelies** is daar drie temas wat gebruik word om die onderskeid te tref. Daar was die evangelies wat 'n basis van data vanuit die Evangelies gebruik het en dit met ander materiaal vermeng het. Die 'evangelie van Petrus' maak gebruik van evangeliese data wat hy vermeng met gnostiese en meer spesifiek doketistiese² temas.

Die tweede tipe evangelie was in wese **gnosties** van aard. Gnostiese lering word in hierdie dokumente aan die prediking van die verheerlikte Heer toegedig. Drie voorbeelde staan uit. Die 'geheimenis (apokrief) van Johannes', die 'Sophia Jesu Christi' en die 'Thomas evangelie' is by uitstek voorbeelde van hierdie soort apokriewe evangelie (oor laasgenoemde sal daar later uitgewy word). Daar is twee gnostiese werke wat die titel evangelie dra maar niks in gemeen het met die kanoniese Evangelies nie, te wete die 'evangelie van Waarheid' en die 'evangelie van Philippus'. Daar is evangelies wat die Joodse gemeenskap aanspreek, soos die 'evangelie van die Hebreërs', die 'evangelie van die Ebioniete' en die 'evangelie van die Nasareners'. Kenmerkend van die gnostiese evangelies is dat hulle fokus op gesprekke tussen Christus en die dissipels na die opstanding en openbarings ontvang. Die gesprekke geskied gewoonlik op die Olyfberg of 'n

² Dosisis'me s.nw. Ook Dokerisme. (kerkgeskiedenis) Leer dat die Seun van God, of die Logos, by sy verskyning op aarde net in skyn 'n liggaam aangeneem het, sodat die groot heilsfeite, lyde, dood en opstanding van Christus, nie reële waarheid bevat nie.

soortgelyke berg. Temas onder bespreking sluit in sake oor 'n herinterpretasie van die skeppingsverhaal, die toekoms van die mens en soortgelyke spekulatiewe gesprekke. 'n Groep gnostiese evangelies word toegedig aan die outeurs van ketterse denkgroepe, mense soos Marcion en Marcii staan uit as voorbeelde. Die 'evangelie van Maria (wat in 1896 ontdek is) ressorteer ook onder die gnostiese geskrifte.

Die **gapings** wat daar bestaan ten opsigte van ons kennis aangaande Jesus se lewe, skep die ruimte vir 'n derde tipe evangelie, een wat die **inligting-gapings** wil aanspreek. Hier kan verwys word na die evangelies wat fokus op **Jesus se kinderdae** en die 'evangelie van Nicodemus' wat die gesprek tussen Jesus en Pilatus meer lyf probeer gee. Die legendariese aard van die inhoud van hierdie boeke is prominent, veral die vertellings oor Jesus as kind met wonderbaarlike magte. Die Baba evangelie van Thomas (totaal anders as die Koptiese evangelie van Thomas) vertel van wonderwerke deur die jong Jesus, en dit op 'n vlak totaal anders as die Jesus wat ons in die Evangelies ontmoet. So byvoorbeeld maak Jesus twaalf klei duiwe op die Sabbat en wanneer sy pa, Josef, hom daarvoor aanspreek, beveel Jesus die duiwe, hulle kom tot lewe en vlieg weg. Die proto-evangelie van Jakobus fokus op die verheerliking van Maria en vertel selfs van haar wonderbaarlike geboorte en kinderjare in die tempel in Jerusalem. Die sogenaamde **Agrapha**³ was ook 'n groot inspirasie vir skrywers van

apokriewe geskrifte. Daar is enkele voorbeelde in die Nuwe Testament terug te vind soos Handeling 20:35 *Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang* en I Tessalonisense 4:15 *Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.* 'n Paar Agrapha is in die geskrifte van die Kerkvaders opgeneem en daar is die sogenaamde *Oxyrhyn.C.hus Logia* wat in Kopties behoue gebly het. Die meeste van die geskrifte wat sogenaamd Agrapha besit, verwoord nie Jesus se woorde soos in die Evangelies opgeneem nie, maar is deurspek met aanhalings uit ander geskrifte en selfs outeurs se eie skeppings. Dit herinner aan die hedendaagse anekdote van die man wat gedink het dat hy die Bybel aangehaal en toe daarop gewys is dat daardie versie nie in die Bybel staan nie, reageer het met; "wel dit moet daar staan!"

Lees oor twee weke verder.

³ Agrapha s.n.w. mv. (Grieks) Gesegdes van Jesus wat buite die kanonieke Evangelies oorgelewer is.